

# Die koninkryk van God as sistematies-teologiese kategorie in die werk van JA Heyns

deur

Sarel Johannes Lodewikus Marais

'n Proefskrif voorgelê ter vervulling van die  
vereistes vir die Graad: Philosophiae Doctor,  
in Dogmatiek en Christelike Etiek, aan die  
Fakulteit Teologie, van die  
Universiteit van Pretoria

2010

Promotor: Professor CJ Wethmar

## Abstract

Johan Adam Heyns is probably the most productive and noteworthy Afrikaans theologian of the twentieth century, born in South Africa. He was a real pioneer in his field. It is a well known fact that the kingdom of God played a vital role in all of his work. In fact, he used it as a systematic-theological category, which flows like a perennial river of opportunity, consistently through all of his writings. It gave him the opportunity to be consistent in both his systematic theology and in his ethics. Heyns used the kingdom of God as a systematic-theological category to show clearly how man and God can be co-workers in this world in a dialogical relationship. This relationship, of which God is the initiator, are characterised by the covenant between God, the Father-King, and man, the obedient child-servant. He also used the opportunity to integrate his love for philosophy with his love for theology. This integration opened up a wide spectrum of thoughts, ideas and meanings which he could scientifically analyze, explore, connect and merge together systematically. His contact with Stoker and their shared Calvinistic worldview as well as their shared Afrikaans culture and Christian religion, together with the influence of amongst others Du Toit and Snyman, Oberholzer, Vollenhoven, Barth, Brunner and Berkouwer, laid the foundation for his frame of reference. Unfortunately there was philosophical flooding from time to time, because it caused him to fill the kingdom of God with philosophical concepts which allowed him to think of the kingdom of God as an ontological cosmic-universal entity. His philosophical background and connection also leads to some inadequate speculations in his theology and especially in his eschatology. Inadmissibly he didn't always use the Bible appropriately, although his doctrine of Scripture and hermeneutics were satisfactory. Heyns could have explored the important part which prayer must play in theology more thoroughly. But he did pioneer's work in Dogmatics and Ethics in Afrikaans and as an ecumenist and church leader, which we must really appreciate. Lastly his philosophical modus operandi also had a positive side. It helped him to differentiate between important theological concepts. Heyns distinguished between the rule of God and the kingdom of God, as well as between the realisation of the kingdom of God and the eschatological fulfilment of God's kingdom. These differentiations were tested on some theological problems, including the question whether the kingdom of God is really an ontological entity, the Theodicy problem and the "Nah-erwartung" problem. It was found that these differentiations, when used consistently, have valuable theological problem solving abilities. Although Heyns perhaps didn't realise this, and he weren't consistent in the use of these differentiations, he must be credited for identifying and clarifying them.

### ***Keywords:***

JA Heyns  
kingdom of God  
Theodicy  
"Nah-erwartung"  
eschatology  
problem solving ability  
judgement day  
signs of the times  
salvation  
Christ's return

### ***Sleutelwoorde***

koninkryk van God  
lydingsvraagstuk  
  
eskatologie  
probleemoplossingsvermoë  
oordeelsdag  
tekens van die tye  
verlossing of soteriologie  
wederkoms van Jesus Christus

## Dankbetuigings:

Die volgende persone en instansies word van harte bedank vir hulle ondersteuning bydrae, opofferings, geduld, en gebede in die totstandkoming van hierdie proefskrif:

1. Die Universiteit van Pretoria, waar ek nagraads gestudeer het en my finansiële ondersteun het.
2. Al die dosente van die Teologiese Fakulteit (Afdeling B), wat 'n rol gespeel het in my teologiese opleiding.
3. Die eksaminators wat verantwoordelik is vir die beoordeling van hierdie proefskrif.
4. My promotor, Professor CJ Wethmar, wat met die grootste geduld en wysheid my gelei en geleer het die afgelope dertien jaar, sodat ek 'n Meestersgraad kon verwerf, en nou uiteindelik hierdie proefskrif kon voltooi.
5. Me Thea Heckroodt en die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, wat met bekwaamheid my ywerig en geduldig gehelp en ondersteun het.
6. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Falcon Ridge, wat my die geleentheid gegun het om verder te studeer en begrip en geduld aan die dag gelê het en studieverlof aan my toegestaan het. Dankie vir die ondersteuning en voorbidding.
7. My ouers, Dawie en Ellie Marais, vir die opvoeding, aanmoediging, ondersteuning en voorbidding wat ek ontvang het.
8. My vrou, Christel en my kinders, Zander en Leanri Marais, wat geweldige opofferings moes maak en my verskeie kere moes afstaan aan die navorsing.
9. Laastens is ek ook oneindig dank verskuldig aan die drie-enige God wat ons roep om in Sy diens te staan en ons daarvoor toerus met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

*Soli Deo Gloria!*

# Inhoudsopgawe:

Abstract.....	2
Inleiding.....	10

## Hoofstuk 1

### Voorveronderstellings in die Teologie van JA Heyns:

1. Inleiding.....	17
2. Biografiese gegewens van Johan Adam Heyns.....	18
3. JA Heyns se filosofiese agtergrond.....	21
4. Heyns se voorliefde vir die filosofie.....	23
5. Filosofie as Wetenskap.....	26
6. Filosofiese metodologie.....	30
6.1. Metodes volgens die oorsprong, aard en doel van wetenskap.....	32
6.2. Logiese en Taalmetodes.....	33
6.3. Metodes van waarneming, verwerking en bywerking.....	33
6.4. Intra- en interwetenskaplike metodes.....	33
7. Die verhouding tussen filosofie en teologie.....	36
7.1. Die ooreenkomste tussen filosofie en teologie.....	37
7.2. Die verskille tussen teologie en filosofie.....	38
7.3. Die wisselwerking tussen filosofie en teologie.....	39
8. Die invloed van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.....	42
9. Teologie.....	48
9.1. Definiëring van teologie.....	48
9.2. Wetenskapsbegrip in die werk van JA Heyns.....	52
9.3. Die navorsingsobjek van teologie.....	54
9.4. Teologie as wetenskap.....	56
9.5. Teologie as eiesoortige wetenskap.....	64
9.6. Teologie is tydbepaald.....	79
10. Die dialogiese karakter van Heyns se teologie.....	82
10.1. God, die inisiatiefnemende Sender.....	82
10.2. Die mens, die responsoriese ontvanger.....	84



10.3. Die menslike respons.....	85
10.4. Openbaring as God se algemene kommunikasiemedium.....	89
11. Die Heilige Skrif as God se besondere kommunikasiemedium.....	92
11.1. Hermeneutiek.....	93
11.2. Inspirasieleer.....	108
11.2.1. Die meganiese inspirasieteorie.....	112
11.2.2. Die dualistiese inspirasieteorie.....	113
11.2.3. Die dinamiese of personele inspirasieteorie.....	114
11.2.4. Die aktualistiese inspirasieteorie.....	125
11.2.5. Die organiese inspirasieteorie.....	127
11.2.6. Die dialogiese inspirasieteorie.....	129
11.2.7. Die kommunikatiewe inspirasieteorie.....	135
11.3. Die skopus en periferie in die Bybel.....	141
11.4. Die historisiteit van die Bybel.....	146
11.4.1. Die historiese gesitueerdheid van die Bybelskrywers.....	146
11.4.2. Die Bybelskrywers se hantering van historiese stof.....	147
11.4.3. Die Bybelskrywers se toekomspektief.....	149
11.5. Die eienskappe van die Heilige Skrif.....	151
11.5.1. Die Skrif het gesag.....	151
11.5.2. Die Skrif is betroubaar.....	154
11.5.3. Die Skrif is genoegsaam.....	157
11.5.4. Die Skrif is duidelik.....	158
12. Heyns se teologiese metodiek.....	160
13. Gevolgtrekking.....	170

## Hoofstuk 2

### Die heerskappy van God:

1. Inleiding.....	171
2. Die Heerskappy van God.....	175
2.1. Paterokrasie.....	177
2.2. Christokrasie.....	182
2.3. Pneumatokrasie.....	189



3. Die Teokratiese regeringsmodus.....	191
4. Gevolgtrekking.....	193

### **Hoofstuk 3**

#### **Die koninkryk van God:**

1. Inleiding.....	194
2. Die algemene karakter van die koninkryk.....	198
2.1. Die Koning van die koninkryk.....	198
2.2. Die onderdane van die Koning.....	198
2.3. Die vyande van die koninkryk.....	201
2.4. Die teenwoordige en toekomstige karakter van die koninkryk.....	203
3. Die konkrete grondstrukture van die koninkryk.....	208
3.1. Die toegang tot die koninkryk.....	208
3.2. Die grondwet van die koninkryk.....	213
3.3. Die taak van die onderdane in die koninkryk.....	215
3.4. Die lewensinstelling van die koninkryksburgers.....	215
3.5. Die verhouding tussen die kerk en die koninkryk.....	217
3.6. Die stryd ter wille van die koninkryk.....	225
3.7. Die oorwinning van die koninkryk van God.....	226
4. Gevolgtrekking.....	227

### **Hoofstuk 4**

#### **Die realisering van die koninkryk:**

1. Inleiding.....	228
2. Die realisering van die koninkryk van God.....	228
3. Wat behels die realisering van die koninkryk van God?.....	230
4. Waarom moet die koninkryk van God gerealiseer word?.....	233
5. Watter rol speel die bose in die realiseringsprobleem?.....	234
6. Watter rol speel die sonde in die realiseringsprobleem?.....	237
7. Watter rol speel verlossing in die realiseringsprobleem?.....	240



8. Hoe word die koninkryk van God soteriologies gerealiseer?.....	241
8.1. <u>Jesus Christus</u> is die enigste verlosser (Solus Christos).....	242
8.2. Ons word slegs deur God se <u>genade</u> verlos (Sola Gratia).....	245
8.3. Slegs dié wat <u>wedergebore</u> is, kan die koninkryk van God ingaan.....	249
8.4. Watter rol speel die <u>uitverkiesing</u> in die soteriologiese proses?.....	253
8.5. Watter rol speel <u>roeping</u> in die soteriologiese proses?.....	255
8.6. Watter rol speel <u>geloof</u> in die soteriologiese proses?.....	256
8.7. Watter rol speel <u>bekering</u> in die soteriologiese proses?.....	259
8.8. Wat is die <u>status</u> van bekeerlinge in die koninkryk van God?.....	262
8.9. Watter rol speel <u>volharding</u> in die soteriologiese proses?.....	266
8.10. Watter rol speel <u>verheerliking</u> in die soteriologiese proses?.....	269
9. Watter rol speel stryd in die realisering van die koninkryk van God?.....	270
9.1. Die stryd teen die bese.....	270
9.2. Die stryd teen vervolging.....	272
9.3. Die stryd teen dwaalleraars en dwaalleringe.....	274
9.4. Die stryd teen die sondige natuur.....	275
9.5. Die stryd teen versoekings.....	275
9.6. Die stryd teen die sonde.....	276
9.7. Die stryd teen ongeloof.....	277
9.8. Die stryd teen sondige strukture of samelewingsverbande.....	279
9.9. Watter rol speel gebed in die stryd ter wille van die realisering van die koninkryk van God?.....	283
10. Watter rol speel die verbond in die realisering van die koninkryk van God?.....	286
11. Watter rol speel gehoorsaamheid in die realisering van die koninkryk van God?.....	292
11.1. Christus se gehoorsaamheid.....	292
11.2. Die mens se gehoorsaamheid.....	295
11.3. Gehoorsaamheid in die Ou Testament.....	298
11.4. Gehoorsaamheid in die Nuwe Testament.....	303
11.5. Gehoorsaamheid as 'n gestalte van die koninkryk van God.....	308
11.6. Struktuurbeskrywing van gehoorsaamheid.....	311



11.6.1. Definiëring van gehoorsaamheid.....	311
11.6.2. Gesagvolle spreke.....	313
11.6.3. Hoorders.....	314
11.6.4. Die situasie.....	318
11.7. Gestaltes van gehoorsaamheid.....	320
11.7.1. Gehoorsaamheidsgestaltes is pluriform.....	320
11.7.2. Gehoorsaamheidsgestaltes is universeel.....	324
11.8. Gerigtheid van gehoorsaamheid.....	326
11.9. Dinamiek van gehoorsaamheid.....	329
11.10. Effek van gehoorsaamheid.....	331
11.10.1. Ten opsigte van die mens se verhouding tot God.....	332
11.10.2. Ten opsigte van die mens se verhouding tot homself.....	338
11.10.3. Ten opsigte van die mens se verhouding tot die naaste.....	341
11.10.4. Ten opsigte van die mens se verhouding tot die wêreld.....	347
12. Watter rol speel die mens in die realisering van God se koninkryk?.....	353
12.1. Aktivisme.....	354
12.2. Pasifisme.....	360
12.3. Bondgenootskaplike medewerkers.....	364
13. Watter rol speel die kerk in die realisering van die koninkryk van God?.....	374
14. Watter rol speel God in die realisering van sy koninkryk.....	379
15. Watter rol speel oorwinning in die realisering van die koninkryk van God?.....	381
16. Gevolgtrekking.....	382

## Hoofstuk 5

### Die eskatologiese vervulling van die koninkryk:

1. Inleiding.....	384
2. Eskatologiese voorveronderstellings.....	388
3. Enkele Eskatologiese modelle.....	393
3.1. Millennialisme.....	393





3.2. Konsekvente eskatologie.....	397
3.3. Gerealiseerde eskatologie.....	398
3.4. Eksistensialistiese eskatologie.....	499
3.5. Christomonistiese eskatologie.....	400
3.6. Heilshistoriese eskatologie.....	401
3.7. Horisontalisties-kosmiese eskatologie.....	401
3.8. Moderne historiese progressivisme.....	403
3.9. Moderne sekulêre apokalisme.....	404
3.10. Transendentiaal Eskatologies versoenende Transformasie.....	404
3.11. Transendent Subjektiewe Eskatologiese Vervulling van die Koninkryk van God.....	405
4. Individuele eskatologie.....	406
4.1. Die lewe.....	407
4.2. Die dood.....	408
4.3. Die tussentoestand.....	411
5. Universele Eskatologie.....	414
5.1. Tekens van die tye.....	415
5.2. Die wederkoms van Christus.....	421
5.3. Die Opstanding.....	433
5.4. Die laaste oordeel.....	436
5.5. Die nuwe Aarde.....	437
6. Watter rol speel die mens in die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God?.....	441
7. Gevolgtrekkings.....	449

## Hoofstuk 6

### Probleemoplossing:

1. Inleiding.....	453
2. Teologiese vraagstukke.....	454
2.1. Is die koninkryk van God 'n ontologiese werklikheid?.....	454
2.2. Die lydingsvraagstuk.....	456
2.3. Die rol van die mens in die realisering van God se koninkryk.....	467



2.4. Die “Nah-erwartung”.....	471
3. Kan dogmatologiese onderskeidings in die Koninkryksleer moontlike antwoorde bied?.....	480
4. Gevolgtrekking.....	481

## Hoofstuk 7

### Kritiese Evaluering:

1. Inleiding.....	482
2. Opsomming.....	485
3. Beoordeling.....	489
3.1. Negatiewe kenmerke.....	491
3.1.1. Heyns se sentrale-tema-teologie.....	491
3.1.2. Heyns se voorliefde vir die filosofie.....	513
3.1.3. Heyns se ontologiese hantering van die koninkryk van God.....	518
3.1.4. Spekulasie.....	531
3.1.5. Heyns se Skrifhantering.....	532
3.1.6. Gebed.....	544
3.2. Positiewe kenmerke.....	545
3.2.1. Teologiese toerusting.....	545
3.2.2. Konsekwentheid.....	546
3.2.3. Ekumeniese figuur.....	547
3.2.4. Etikus.....	548
3.2.5. Helder onderskeidings.....	549
4. Slot.....	552
Bibliografie.....	553
Dankbetuigings.....	570

# Inleiding:

Albert Einstein het gesê: “Om nuwe vrae te opper, nuwe moontlikhede in te sien en ou probleme uit ‘n ander hoek te benader vereis kreatiewe denke. Kreatiwiteit is bloot om uit te vind dat daar geen besondere deug in is, om aan te hou om dinge te doen soos hulle nog altyd gedoen is nie.”<sup>1</sup> Daarmee het Einstein die uitdaging, wat aan elke navorser gestel word, kernagtig saamgevat. Nuwe vrae moet gevra word. Nuwe moontlikhede moet ontdek en ontgin word. Ou probleme moet vanuit ‘n ander en soms ook ‘n nuwe perspektief belig word. Sodoende moet kreatiewe idees aangewend word, om nuut te “skep”. Dit verg doelgerigtheid en deursettingsvermoë, maar ook nederigheid en opoffering.

Die titel van hierdie proefskrif is: Die koninkryk van God as sistematies-teologiese kategorie in die werk van JA Heyns. Johan Adam Heyns (1928-1994) kan beskou word as die mees produktiewe Afrikaanstalige teoloog in die twintigste eeu. Die koninkryk van God loop soos ‘n standhoudende rivier dwarsdeur sy werk. Heyns noem die koninkryk van God die grondplan van die Bybel.<sup>2</sup> Wanneer Heyns se talle publikasies gelees word, is dit opvallend dat die koninkryk van God as ‘n sistematies-teologiese kategorie in sy werk funksioneer. Dit is die grondplan van sy dogmatiek, maar veral ook van sy etiek. Hy gebruik nie alleen die koninkryk van God as ‘n grondplan, grondmotief of verstaanskader nie, maar ook as ‘n metodologiese beginsel, wat sy *modus operandi* kenmerk en bepaal.

Die primêre navorsingsprobleem waarmee daar in hierdie proefskrif geworstel word, is die beoordeling of evaluering van Heyns se werk, in die lig van hierdie sistematies-teologiese kategorie. Dit kan nie anders as om ‘n beskeie poging te wees nie, veral as daardie persoon boonop jou “senior vennoot”<sup>3</sup> was. Die

---

<sup>1</sup> Steenkamp E (red), van der Merwe R, Du Toit S en Jacobs L (eind red), *Die groot aanhalingsboek*, Wyse woorde vir die Christelike lewe, Lux Verbi.BM, ABC Boekdrukkers, Epping, 2004, 176.

<sup>2</sup> Heyns JA, Die koninkryk van God – Grondplan van die Bybel, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 1-12.

<sup>3</sup> Heyns was onder andere gemeed met die opleiding van teologiese studente, sodat hulle as volwaardige predikante in veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk, gelegitimeer kon word. Hy het homself as

beoordeling van 'n teologie, is geensins 'n eenvoudige aangeleentheid nie. 'n Objektiewe beoordeling, is na my mening, 'n nastrewenswaardige, maar onbereikbare ideaal. 'n Mens kan nie anders, as om 'n skrywer se werk subjektief, vanuit jou eie verwysingsraamwerk, wat onder andere jou konfessionele tradisie, jou lewens- en wêreldbeskouing, jou Skrifbeskouing, jou konteks, en vele meer insluit, te beoordeel nie. Boonop speel onder andere intellektuele vermoëns, psigo-sosiale faktore, spiritualiteit, persoonlikheid, en ervaring ook nog 'n beduidende rol by elkeen van ons. Die implikasie daarvan, is dat 'n mens oor die algemeen geneig is om jou eie interpretasie van 'n teologiese werk, te evalueer, wat maklik tot wanvoorstellings kan lei. Daarom gaan daar in hierdie proefskrif hoofsaaklik gekonsentreer word op Heyns se eie publikasies, met die ter saaklike bronverwysings,<sup>4</sup> in 'n poging om sý teologiese werk te beoordeel en sover moontlik, 'n evaluering van my eie interpretasie van Heyns se werk, te voorkom.

Gegewe hierdie aspirasie is dit noodsaaklik om 'n bruikbare meetinstrument te vind. Daar bestaan ongelukkig nie 'n onfeilbare, altyd geldige meetinstrument, kriteria, of model, waarmee ons verskillende teologiese werke kan evalueer nie. Daar sou geredeneer kon word dat die Heilige Skrif as meetinstrument gebruik moet word en dit is 'n geldige Gereformeerde uitgangspunt. Daar sou ook aangevoer kon word dat die Belydenisskrifte of ons Gereformeerde tradisie as evalueringkriteria aangewend moet word, veral ook omdat 'n Gereformeerde, Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing my voorveronderstellings beïnvloed en bepaal. Die probleem bly egter steeds: wie se interpretasie van die Heilige Skrif of ons Gereformeerde tradisie moet as maatstaf dien? Sal elke teoloog nie intuïtief sy eie interpretasies en denkmodelle as kriterium gebruik nie? Daarbenewens moet die wetenskapsteoretiese- en wetenskapsfilosofiese problematiek ook verreken word, wat die kompleksiteit van die aangeleentheid toenemend verhoog. Daarmee saam leef ons in 'n snelveranderende multi-

---

die "senior vennoot" beskou, en die studente as sy "junior vennote". Vergelyk ook Le Roux JH, *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 27, wat hierop gesinspeel het. Die onderrig van teologie, beskryf Heyns as 'n vennootskaplike onderneming tussen 'n ouer teoloog en 'n jonger teoloog in Heyns JA, Die koninkryk van God – Grondplan van die Bybel, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 12.

<sup>4</sup> Aangesien Heyns so baie boeke en artikels, minstens 35, geskryf het, gaan die titels van Heyns se boeke of artikels, saam met die datum, in die voetnotas geplaas word, om sodoende die lees van die proefskrif te vergemaklik en verwarring te probeer voorkom, eerder as om die "aw"-afkorting te gebruik.

kulturele konteks. Wat in hierdie dekade van kardinale belang blyk te wees, kan net in die volgende dekade geheel en al irrelevant wees. Dit wat vir een bepaalde kultuurgroep geld, kan ook nie oorveralgemeen word en op alle kultuurgroepe afgeforseer word nie.

Van Huyssteen skryf onder andere oor hierdie problematiek en toon aan dat daar in die loop van die geskiedenis verskeie kriteriums na vore gekom het, wat 'n rol gespeel het in die evaluering van teologiese standpunte, modelle of paradigmas. Hierdie kriteria kan logiese positivisme, kritiese rasionalisme, kritiese realisme, of die vermoë van 'n teologie om probleme te identifiseer en op te los, wees.<sup>5</sup>

Dit is veral hierdie vermoë van 'n teologie om probleme te identifiseer en op te los, wat in hierdie proefskrif as evalueringskriterium aangewend gaan word in die beoordeling van Heyns se werk. Teologie moet tog vir ons nuttig, bruikbaar en voordelig wees. Indien 'n teologiese werk in staat is om probleme te kan identifiseer en daarvoor 'n sinvolle oplossing kan aanbied, het dit 'n waardevolle bydrae gelewer en daarom is hierdie kriterium gekies as beoordelingsinstrument. In my bestudering van JA Heyns se werk, het ek ontdek dat hy in sy bespreking van die Koninkryk van God, sekere onderskeidings geïdentifiseer het, wat na vermoed word, baie nuttig in die teologie gebruik kan word, om sekere teologiese vraagstukke te beantwoord, of teologiese probleme op te los. Die sekondêre navorsingsprobleem wat hierdeur opgeroep word, is: Kan die onderskeidings wat Heyns geïdentifiseer het, 'n nuttige instrument wees, om sommige moeilike teologiese vraagstukke te hanteer? Daar is veral twee onderskeidings wat ons aandag verdien en dit is eensyds die onderskeid tussen die koninkryk van God en die heerskappy van God, maar andersyds ook die onderskeid tussen die realisering van die koninkryk van God en die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God.

Hierdie navorsing het bevind dat Heyns nie oral hierdie onderskeidings konsekwent gehandhaaf het nie, wat die vraag laat ontstaan het of hy dalk nie

---

<sup>5</sup> Van Huyssteen JW, *Theology and the justification of faith*, 1989.

die belangrikheid daarvan deeglik genoeg besef het nie. In hierdie proefskrif gaan daar gepleit word vir die konsekwente handhawing van die betrokke onderskeidings, aangesien dit gebruik kan word, om moontlike antwoorde te bied vir teologiese vraagstukke, wat deur die eeue heen tot die skryf van baie boeke gelei het, en heelwat debatte ontketen het.

Die navorsingsmetode wat hier gevolg gaan word, gaan dus 'n kwalitatiewe literatuurstudie wees, wat ooreenkomste vertoon met 'n hipotese-verifiërende metode. Die hipotese wat geverifieer word, is: die onderskeidings wat Heyns in sy koninkryksleer getref het, kan nuttig aangewend word, om moeilike teologiese vraagstukke sinvol te hanteer.

In die eerste hoofstuk gaan Heyns se teologiese voorveronderstellings bespreek word. Daar gaan aangetoon word dat Heyns 'n duidelike filosofiese inslag het, wat hoofsaaklik bepaal is deur die Calvinistiese filosoof, Stoker, met sy Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Verder sal dit ook duidelik word dat Heyns die koninkryk van God as 'n sistematies-teologiese kategorie gebruik.

In die tweede hoofstuk word die heerskappy van God bespreek. Dit is 'n transendent subjektiewe heerskappy wat van ewigheid, tot in ewigheid bestaan en selfs beskou kan word as iets wat tot die wese van die drie-enige God behoort.

Die derde hoofstuk gaan fokus op die koninkryk van God, wat die immanent, subjektiewe korrelaat van God se heerskappy is. Hier val die klem op gehoorsaamheid as respons op God se heersershandelinge.

Die realisering van die koninkryk van God gaan in die vierde hoofstuk nagevors word. Die koninkryk van God is 'n realiserende en dinamiese werklikheid wat gekenmerk word deur stryd teen 'n anti-ryk. Beide God en mens is in 'n ineenvervlegte verhouding, verantwoordelik vir die realisering van God se koninkryk.

In die vyfde hoofstuk word die klem verskuif na die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God. Met die wederkoms van Jesus Christus gaan die oordeelsdag gepaard. Daarmee saam word 'n nuwe hemel en aarde deur God tot stand gebring en dan sal die buitelyne van God se heerskappy saamval met die buitelyne van sy koninkryk. Dit is primêr God se verantwoordelikheid, alhoewel Hy dit nie losgemaak het van die menslike verantwoordelikheid nie, het Hy dit ook nie afhanklik gemaak van die menslike verantwoordelikheid nie.

In die daaropvolgende sesde hoofstuk, word enkele teologiese vraagstukke aan die orde gestel en aan die hand van die onderskeidinge wat Heyns geïdentifiseer het, getoets, sodat die sekondêre navorsingsprobleem opgelos kan word.

Die sewende en laaste hoofstuk word gewy aan die konkludering van die primêre navorsingsprobleem, naamlik om Heyns se werk krities te beoordeel. Daar sal aangetoon word dat sy werk negatiewe en positiewe kenmerke vertoon. Die negatiewe kenmerke word bepaal deur Heyns se sentrale-tema-teologie, sy voorliefde vir die filosofie, die wyse waarop hy die koninkryk van God as 'n ontologies, kosmies-universele grootheid hanteer het, spekulasie, wat soms ingesluit het, in sommige gevalle is daar onnoukeurige Skrifhantering, en van tyd tot tyd kon hy meer klem op gebed geplaas het. Aan die positiewe kant het Heyns waardevolle teologiese toerusting nagelaat, hy was opvallend konsekwent in sy denke en werk, 'n ekumeniese figuur wat op kerklike terrein baanbrekerswerk gedoen het, 'n uitmuntende etikus en laastens het hy oor die vermoë beskik om helder onderskeidinge te identifiseer, wat gebruik kan word om moeilike teologiese vraagstukke sinvol te kan hanteer.

In die laaste plek is hierdie navorsing noodsaaklik, aangesien dogmatiek en dogmatici té dikwels negatief waardeur word deur baie predikante en openbare sprekers. Selfs Heyns het onder skerp kritiek deurgeloopt oor die wyse waarop hy sy dogmatiek beoefen het. Die filosofiese inslag wat sy teologie kenmerk, en veral die invloed van die wysbegeerte van die Wetsidee en die daaruit voortvloeiende filosofie van Stoker, word nie in alle teologiese kringe verwelkom

nie.<sup>6</sup> Daar word in hierdie proefskrif selfs vermoed dat die koninkryk van God, wat metafories gesproke, soos 'n standhoudende rivier deur Heyns se werk vloei, juis as gevolg van hierdie filosofiese inslag, in die denke van Heyns, met tye sy walle oorstrom het en vloedskade tot gevolg gehad het. Ten spyte daarvan is die bydrae wat Heyns gelewer het tot teologievorming in Suid-Afrika, fenomenaal en merkwaardig. Strauss skryf waardierend dat Heyns se drieledige *Teologiese Etiek* tot op datum die volledigste en omvattendste werk van hierdie aard in Afrikaans is. Na sy mening verdien dit steeds deeglike bestudering. Alhoewel nuwe omstandighede voortdurend kritiek op sy ouer wordende antwoorde noodsaak, doen dit egter, volgens Strauss, geensins afbreuk aan die grondliggende waarde van Heyns se prinsipiële denke, ook vir die twintigste eeu, nie.<sup>7</sup> Dit kan sekerlik ook vir die een en twintigste eeu ook waar wees. Daarom word in hierdie proefskrif ook hulde gebring aan Professor Johan Adam Heyns, deur slegs enkele aspekte van die waardevolle insette wat hy gelewer het, aan te toon.

Die invloed wat Heyns se publikasies op die vorming van teologiese studente het, moet nie onderskat word nie.<sup>8</sup> Sy teologie word voorgeskryf by talle Universiteite en as uitgangspunt gebruik in die dogmatiek.<sup>9</sup> Hierdie proefskrif is derhalwe beslis ook nie die eerste navorsing oor Heyns se geskifte nie. Onder andere het Theron, Ntoane, en Williams in hulle proefskrifte ook op Heyns en sy werk gekonsentreer<sup>10</sup>. Nicol getuig in sy proefskrif dat die wyse waarop Heyns die koninkryksbegrip in sy teologie gebruik het, hom uitgedaag en gestimuleer

---

<sup>6</sup> Sien die opmerkings hieroor van Jonker WD, In gesprek met Johan Heyns, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 13-26.

<sup>7</sup> Strauss SA, Die verhouding tussen dogmatiek en etiek in die teologie van JA Heyns, in *In die Skriflig*, 36(2)2002, 170.

<sup>8</sup> Vergelyk Jonker WD, *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 13, wat skryf dat Heyns een van die vernaamste, indien nie dié vernaamste teoloog van ons geslag is nie. Jonker beskou Heyns as die vrugbaarste teoloog wat die Afrikaanse gemeenskap nog opgelewer het. Ook Le Roux JH, *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 27, skryf dat Heyns 'n baie belangrike bydrae gelewer het om ons tyd se denke (in 'n wye sin bedoel) te help slyp en vorm.

<sup>9</sup> Vergelyk Jonker WD, *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 14, wat daarop wys dat dit bekend is dat Heyns se *Dogmatiek* selfs aan 'n Nederlandse teologiese fakulteit as handboek voorgeskryf is, en in verskeie nagraadse studies in behandeling geneem is.

<sup>10</sup> Theron DF, *Die Koninkryk van God in die teologie van JA Heyns*, 1984. Ntoane LRL, *A Cry for life, An Interpretation of "Calvinism" and Calvin*, 1983. Williams HH, *JA Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid*, 2006. Aangesien Heyns na 1984 sy *Teologiese Etiek 2/1* en *2/2* en *Inleiding tot die Dogmatiek* geskryf het, verdien sy werk verdere navorsing. Ook die feit dat Heyns by Stoker aangesluit het en deur hom beïnvloed is, soos Theron beweer het, moet ook weer onder die soeklig geplaas word. Die vraag wat na vore geroep word, is: In watter opsigte was dit 'n goeie of 'n slegte aansluiting of beïnvloeding?



het om die saak self te ondersoek<sup>11</sup>. Alhoewel hierdie proefskrif dus nie die eerste navorsing oor Heyns se teologie is nie, sal dit na alle waarskynlikheid beslis ook nie die laaste navorsing oor Heyns se teologie wees nie. Nicol, Theron en Ntoane se proefskrifte is hoofsaaklik gebaseer op Heyns se werk voor 1984, terwyl Williams se proefskrif en Skinner<sup>12</sup> se skripsie meer 'n historiese gerigtheid het. Daarom word daar gepoog om hiermee weer, vanuit 'n ander hoek, verdere navorsing en nadenke oor Heyns se werk te stimuleer.

Terwyl ons deeglik bewus moet wees van ons eie tekortkominge en beperkinge, mag ons ook nie ophou om teologie te beoefen nie. Die invloed van die sogenaamde postmodernisme en liberalisme in ons samelewing, kan maklik daartoe lei dat ons in relativisme verval.<sup>13</sup> Aan die ander kant kan ons ook nie as gevolg van fundamentalisme toelaat dat teologie absoluut outoritêr en biblisisties beoefen word nie. Die uitdaging is om nie in een van hierdie twee uiterstes te beweeg nie, en eerder teologie biddend, nederig en gelowig, maar nie gesagloos nie, te beoefen, met dié wete dat die gesag nie in onself geleë is nie, maar in die drie-enige God, wat Hom deur sy Woord aan ons openbaar.<sup>14</sup>

---

<sup>11</sup> Nicol W, *Die Betekenis van die Eskatologie vir die sosiale etiek*, 1984.

<sup>12</sup> Skinner T, *Die lewe en werk van Johan Adam Heyns: 'n Kerkhistoriese Perspektief*, BD Skripsie, Universiteit van Pretoria, 1996.

<sup>13</sup> Vergelyk 'n koerantartikel deur Amie van Wyk, in *Godsdienst-aktueel; Beeld*, 25.06.2006, Waarin hy skryf: "Daar bestaan geen vaste waarheid nie." Sê wie? Sê die skeptikus – al meer as 2 000 jaar lank. "Die waarheid" mag bestaan, maar dis onkenbaar en onbereikbaar; menslike kennis kom nie verder as die waarskynlike nie. Só sê ook die postmodernis. Alle menslike kennis is beperk; die waarheid kan nie in 'n vaste formule vasgevang word nie; alle waarhede is relatief. In hierdie artikel wys Van Wyk daarop dat: "die postmodernisme (in sy reaksie teen die modernisme) 'n belangrike bydrae gelewer het om ons opnuut onder die besef te bring van die voorlopigheid en beperktheid van menslike kennis en vermoë. Trouens, die Bybel self verwys daarna dat ons slegs "gedeeltelik" ken (én preek) (1 Korintiërs 13:9). Die postmodernisme gaan te ver as beweer word dat elke vorm van kennis van die waarheid uitgesluit is en dat die waarheid nie in stellings uitgedruk kan word nie. Ons mag nie uit die beperktheid van ons kennis konkludeer tot die onegtheid daarvan nie."

<sup>14</sup> Vergelyk Artikel 2 en 3 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis.